GRONDWET BRAUNVIEH NAMIBIA

INHOUD

KLOUSULES

1.	Naam van die Genootskap		5
2.	Doelstellings en Magte		5
3.	Lidmaatskap		6
3.1 (a)	Gewone Lede	6	
(b)	Lewenslange Lede		6
(c)	Lewenslange Erelede	6	
(d)	Spesiale Erelede		6
(e)	Junior Lede		6
3.2	Maatskappy, Private Maatskappy, Vennootskap of Regspersoon	7	
3.3	Aansoek om Lidmaatskap		8
4.	Geregistreerde Telers	9	
5.	Ledegeld en Gelde		9
6.	Bedankings, Skorsings en opheffing van stemreg van Lede	10	
7.	Register van Lede		12
8.	Regte en Voorregte van Lede	13	
9.	Heraansluiting van Lede		13
10.	Samestelling en Verkiesing van die Raad	13	
11.	Magte en Pligte van die Raad	15	
12.	Vergaderings	18	
12.1	Uitvoerende Komitee vergaderings	18	
12.2	Algemene Vergaderings		18
12.3	Voorsitter by Vergaderings		19
12.4	Neem van besluite		19
12.5	Metode van Stemming		20
12.6	Ongeldigheid van Besluite		20
12.7	Raadsvergaderings		20
13.	Kworums		20
14.	Notules en Vergaderings		21
15.	Finansiële Bepalings	21	
16.	Lidmaatskap en Affiliasies		22
17.	Verteenwoordiger/s op die Raad van NSV	22	
18.	Grondwetlike Wysigings		23
19.	Kantoor van Genootskap		23
20.	Outentieke Lesing van hierdie Grondwet	23	

VERORDENING

1.	Kuddeboek		24
2.	Voorvoegsels en Kenmerkletter		25
3.	Identifikasie		26
4.	Name		27
5.	Kennisgewing van Geboortes en Aansoek om Registrasie	27	
6.	Reëls en Regulasies ten opsigte van Kunsmatige Inseminering	29	
7.	Reëls tenopsigte van die opvang van Eiselle en die oorplasing	30	
8.	Ingevoerde Eiselle		31
9.	Dragtyd		32
10.	Bloedtipering		32

11.	Vereistes vir Registrasie	32
12.	Onthoringde of Poenskop Braunvieh	32
13.	Inspeksie en Pligte van Inspekteur / s	33
14.	Registrasiesertifikate	34
14.1	Veranderings of Byvoegings	34
14.2	Duplikate	34
14.3	Kennisgewing van kansellering van Registrasie en Geboortekennisgewings	34
14.4	Sertifikaat van uitgebreide Stamboom	35
15.	Oordragte	35
16.	Dekking- en Insemineringsertifikate en gesamentlike besit van Bulle	36
17.	Kansellering van Registrasie	36
18.	Herstel van diere in die Kuddeboek	37
19.	Uitvoersertifikate	37
20.	Oordrag van Bevoegdhede	37

WOORDOMSKRYWING

1. Wanneer dit in hierdie Grondwet en verordeninge gebruik word en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken:

a. “Dier”, 'n Braunvieh wat in die Kuddeboek geregistreer is of daarvoor geskik is en die woorde bees/te”, “bul/le”, “kalf/kalwers”, koei/e” en “vers/e” sal dieselfde betekenis hê;

b. “Departement” die Departement of Departemente gemoeid met die administrasie van die Wet;

c. “Dubbeldoel dier”, 'n Braunvieh wat in die Dubbeldoel Kuddeboek geregistreer is;

d. “Eienaar” die persoon wie

i. volgens die rekords van NSV, sodanige dier se eienaar is, of wat

ii. tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige dier geskik is om in sy naam geregistreer te word; of

iii. in die geval van 'n ingevoerde dier geregtig is om die dier in sy naam in die erkende kuddeboek van die land van herkoms te registreer;

e. “Eisel”, 'n eisel van 'n Braunvieh en sluit ook 'n embrio in;

f. “embrio”, die bevrugte eisel van'n Braunvieh;

g. “Gebied”, Namibië en sodanige ander lande soos van tyd tot tyd deur die Genootskap, met die goedkeuring van NSV en die Minister bepaal;

h. “Geboorte”, die geboorte van 'n Braunvieh;

i. “Genootskap, Braunvieh namibië;

j. “Grondwet”, die Grondwet (met inbegrip van die verordeninge en skedules) van die Genootskap;

k. “inspekteur / keurder”, 'n persoon in die hoedanigheid as inspekteur deur die Raad aangestel;

l. “koper”, die persoon of persone aan wie eienaarskap of gesamentlike eienaarskap van 'n dier oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier '

m. “Kuddeboek”, die Namibiese Braunvieh Kuddeboek waarin die besonderhede van alle diere, deur die Genootskap by die Vereniging, ingeskryf word;

n. “Minister”, die Minister van die betrokke Departement;

o. “persoon of persone woonagtig in die gebied wat 'n Teler/s is”, beteken dat die stoetery/e van sodanige persoon/persone op plekke in die gebiede aangehou word en nie noodwendig dat die persoon/persone of Teler/s self in die gebiede woonagtig is nie ;

p. “Raad”, die Raad van die Genootskap amptelik verkies ingevolge die bepalinge van die Grondwet;

q. “Registrateur”, die beampte ingevolge die wet aangewys as Registrateur van Veeverbetering;

r. “Namibië”, die Republiek van Namibië;

s. “Sekretaris”, die Sekretaris van die Genootskap;

t. “semen”, die semen van 'n Braunvieh;

u. “NSV” die Namibiese Stoettelers Vereniging

v. “ 'n Namibiese geteelde dier”, 'n dier wat in of onderweg na Namibië gebore is: Met dien verstande dat 'n Braunvieh wat gebore word as gevolg van 'n ingevoerde eisel, as 'n ingevoerde Braunvieh beskou word;

w. “Teler”, 'n lid van die Genootskap wie die eienaar is van

i. die moeder ten tyde van die geboorte van nageslag geskik vir registrasie;

ii. die ontvanger moeder ten tyde van die geboorte van nageslag geskik vir registrasie as gevolg van 'n embrio-oorplasing;

iii. sodanige dier tydens eerste aanname vir registrasie in die eerste afdeling van die

x. “Wet” die Veeverbeteringswet, 1977 (wet 25 van 1977) soos gewysig deur Wet 31 van 1984 insluitende die Regulasies van die Wet en enige wysigings wat van tyd tot tyd aangebring mag word.

y. “verkoper”, die persoon of persone wie, volgende die rekords van die Vereniging , die eienaars gesamentlike eienaar/s van 'n dier is, of in die geval van 'n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wie sodanige dier verkoop het;

2. Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die Grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word in die Wet, insluitende die regulasies uitgevaardig in gevolge daarvan;

3. Tensy 'n teenstrydige bedoeling duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die Grondwet na persone in die manlike geslag verwys, die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud, sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud, sal die enkelvoud insluit.

GRONDWET
VAN DIE BRAUNVIEH BEESTELERSGENOOTSKAP VAN NAMIBIA

1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP

Die naam van die Genootskap is die Braunvieh Beestelersgenootskap van Namibië.

2. DOELSTELLINGS

Die onderstaande doelstellinge en magte van die Genootskap is die doelstellinge en magte van die Genootskap.

a) Om die teelt en verbetering van Braunvieh aan te moedig in die gebied deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die Genootskap ingevolge die Wet ten opsigte van registrasie van diere by NSV, in- en uitvoer van Braunvieh, semen en eiselle, tegniese- en adviserende- inspeksiedienste of op enige ander wyse,

b) Om die rasegtheid van Braunvieh in die Gebied te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele die belangstelling in die ras te bevorder,

c) Om noukeurige verslae van stambome en besonderhede van Braunvieh saam te stel, te bewaar en in stand te hou of te laat saamstel, bewaar en in standhou met die doel vir registrasie by NSV,

d) Om 'n **STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID** vir Dubbeldoel op te stel,

e) Om vir tentoonstelling-doeleindes verskillende klasse vir Braunvieh te verkry en beoordelaars te benoem

wat bevoeg geag word om die ras te beoordeel; en om landbougenootskappe en andere te oortuig van die wenslikheid en noodsaaklikheid daarvan om slegs beoordelaars aan te stel wat deur die Genootskap aanbeveel word,

f) Om die verkoop van diere te bevorder,

g) Om deur samewerking met NSV en die Departement, voorligting te gee om Braunvieh te verbeter,

h) Om in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van sy lede se belange met betrekking tot hul bedrywighede in verband met Braunvieh.

i) Om inligting in te win en te versprei aangaande die beste wyse waarop die teling van Braunvieh die beste uitgevoer en op die voordeligste manier uitgebou en voortgesit kan word en lede op hoogte te hou met wetenskaplike- en ander ontwikkelinge,

j) Om sodanige funksie te vervul en pligte uit te voer soos aan die Genootskap opgelê is deur die wet en as gevolg van sy lidmaatskap van NSV.

3. LIDMAATSKAP

3.1 Lidmaatskap sal ten opsigte van Dubbeldoel wees.

Daar is die volgende lede

a) Gewone Lede

Alle persone bo die ouderdom van 18 jaar wat direk of indirek gemoeid is met die teelt van Braunvieh wat in die gebiede woonagtig is, kan in aanmerking kom vir lidmaatskap as Gewone Lede. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, vennootskap of regspersoon beskou as 'n persoon en kan in aanmerking kom vir Gewone Lidmaatskap.

b) Lewenslange lede

Enige Gewone Lid mag met die goedkeuring van die RAAD 'n Lewenslange Lid word deur die betaling van sodanige bedrag of ledegeld as wat die komitee mag bepaal.

c) Lewenslange Erelede

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras mag die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap 'n persoon tot Lewenslange Erelid verkies; op voorwaarde dat

i Dit op aanbeveling van die Raad geskied.

ii. Sodanige Lewenslange Erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg.

d) Spesiale Erelede

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelt van Braunvieh nie, mag deur die RAAD verkies word tot Spesiale Erelid van die Genootskap; op sodanige voorwaardes soos deur die RAAD bepaal mag word. Spesiale Erelede sal geen stemreg hê nie.

E) Junior Lede

Persone onder die ouderdom van 18 jaar,mag mits die RAAD dit goedkeur, 'n Junior Lid word. Sodanige Junior Lede sal geen stemreg hê nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag hulle aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem.

3.2 Maatskappy, Private Maatskappy, Vennootskap of Regspersoon

3.2.1 'n Maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon wat om Gewone Lidmaatskap aansoek

doen, moet aan die Genootskap van tyd tot tyd sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree.

Op verdere voorwaarde dat: sodanige persoon sal die reg hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap nie later as voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik nie.

Ten opsigte van 'n vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote by tye van aansoek om lidmaatskap van die Genootskap verstrek word en sulke vennote sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir alle verpligtinge teenoor die Genootskap.

3.2.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 3.2.1 uiteengesit, gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

3.2.3 Die persoon wat op so 'n manier aangewys is om sodanige maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon te verteenwoordig, mag tot die RAAD verkies word.

3.2.4. Indien so 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousule 3.1 (a) en (b) uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalings van die volgende Klousule 3.2.5 sal ***mutatis mutandis*** ten opsigte van so 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon van toepassing wees.

3.2.5 In die geval van die likwidasie van 'n maatskappy of private maatskappy of ontbinding van 'n vennootskap of regspersoon, sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties beëindig word met dien verstande dat

(a) Alle bedrae of gelde aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap gevorder sal word van die likwidateur van sodanige maatskappy of private maatskappy of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap of regspersoon,

(b) Die likwidateur van sodanige maatskappy of private maatskappy en die lede van sodanige vennootskap of regspersoon verplig sal wees om al die verpligtinge van so 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon na te kom ten opsigte van registrasie, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon as lid van die Genootskap moes nakom,

(c) Enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so 'n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede of Lewenslange lede opgelê sal word.

3.3. Aansoek om Lidmaatskap

3.3.1. Aansoek om lidmaatskap van die Genootskap moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word. Die aansoek

moet ook vergesel wees van die betrokke subskripsie en/of intreegeld.

3.3.2. 'n Aansoek om lidmaatskap moet vergesel wees van die nodige bewys dat aan die bepaalde vereistes beantwoord word.

3.3.3 Die RAAD mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die RAAD mag bepaal, of enige aansoek weier sonder om redes vir sodanige weiering te verstrek.

3.3.4. Indien 'n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

4. GEREGISTREERDE TELERS

4.1.1. Enige persoon met inbegrip van 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon, en wat belangstelling toon in die teelt van Braunvieh, sal in aanmerking kom vir aanvaarding as 'n Geregistreerde Teler.

4.1.2. Uitgesonder die regte om op 'n algemene vergadering te stem en om tot die RAAD verkies te word, sal al die regte, voorregte en verpligtinge van lede ***mutatis mutandis*** op geregistreerde Telers van toepassing wees.

5. LEDEGELD EN GELDE

5.1 Alle ledegeld of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die RAAD bepaal en word vir kennisname op die eerste daaropvolgende algemene vergadering van die Genootskap voorlê.

5.2 Die jaarlikse ledegeld is vooruitbetaalbaar op 1 Januarie van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit nog nie op 31 Maart van dieselfde jaar betaal is nie.

5.3 Enige lid wie se ledegeld agterstallig is of wat geld aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as 30 dae nadat 'n eis om die betaling daarvan deur die Sekretaris aan hom gerig is, sal daarna geen regte en voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

5.4 Die RAAD mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die RAAD vasgestel sal word.

5.5 Enige lid wat om watter rede ookal, ophou om lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

5.6 Indien die RAAD sou beslis dat die rekening van 'n lid agterstallig is of ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so 'n lid, indien sy rekening vir invordering aan 'n firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste, insamelingsgelde, prokureursgelde en kliëntekostes wat dit mag meebring, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is.

6. BEDANKINGS, SKORSING EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

6.1 **Bedanking van Lede**

Enige lid mag bedank as lid van die Genootskap deur nie minder nie as een maand voor die tyd skriftelik en per aangetekende pos kennis daarvan aan die Genootskap te gee,

Met dien verstande dat

(a) Sodanige bedanking minstens voor 31 Desember ingedien moet word,
(b) Geen ledegeld of gedeelte daarvan terugbetaalbaar sal wees nie, en
(c) Alle gelde aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal is, insluitende die wat namens die lid deur die Genootskap aan NSV betaal is vir sy lidmaatskap en registrasie en die lid van sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Genootskap vereis.

6.2 **Skorsing van Lede**

6.2.1 Die RAAD mag 'n lid skors wat

(a) In gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is, te betaal binne 60 dae nadat 'n skriftelike eis vir sodanige vereffening deur die Sekretaris onderteken, aan hom gepos is,
(b) Die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het of wat na oordeel van die RAAD op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Genootskap opgetree het,
(c) Deur sy optrede en/of gebrek daaraan werklik of moontlik oneer aan die Genootskap gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadele van die Genootskap,
(d) Met opset of vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe informasie aan die Genootskap of enige van sy amptenare of aan beamptes of beoordelaars by skoue verstrek het, of wat aan die liggaam van 'n dier sodanige veranderings aangebring het om enige persoon te mislei,
(e) Probeer om 'n amptenaar van die Genootskap om te koop, of
(f) Skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet, met dien verstande dat geen stappe vir skorsing teen 'n lid van die Genootskap geneem sal word nie, alvorens die Sekretaris nie minstens 30 dae voor die datum van die vergadering van die RAAD waarop sodanige skorsing behandel sal word, 'n geregistreerde brief aan so 'n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar 'n beroep op hom gedoen word om persoonlik, of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die vergadering van die RAAD te stel.

6.2.2 Die RAAD sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van 'n lid en om sodanige informasie by so 'n plek, persoon en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so 'n wyse as wat die RAAD mag goeddink.

Die gewone reëlings wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige ***bona fide*** navraag nie en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of informasie wat bekom was nie.

6.2.3. Enige lid wat geskors is, moet deur die Sekretaris skriftelik daarvan in kennis gestel word binne drie dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy uitsetting goedgekeur is.

6.2.4 Na sodanige skorsing van 'n lid mag die RAAD opdrag aan die Sekretaris gee om sy naam uit die Kuddeboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap te verwyder en by NSV aansoek doen vir die kansellering van alle registrasies ten opsigte van diere wat deur die geskorste lid geteel is en ten tyde van sy skorsing in sy besit was. Die RAAD mag verder van die geskorste lid verlang om onverwyld alle registrasiesertifikate ten opsigte van diere wat ten tyde van sy skorsing in sy besit was, aan die Genootskap te oorhandig en na sodanige datum sal geen beeste deur hom geteel, geregistreer of oorgedra word nie; geen geboortekennisgewing van hom ontvang sal aanvaar word nie en hy sal dienoorkomstig in kennis gestel word.

6.2.5. Enige lid wat geskors word sal alle gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap ten volle betaal en al sy

verpligtinge nakom ten opsigte van registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap.

6.2.6. Enige persoon wat as lid van die Genootskap geskors word, bly aanspreeklik vir alle ledegeld en gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap te tye van sy skorsing.

6.3 **Opheffing van Stemreg**

6.3.1. Enige lid wat vir 'n termyn soos wat die RAAD van tyd tot tyd mag bepaal geen Braunvieh in sy naam laat registreer het nie of wat nie geregistreerde beeste gedurende sodanige tydperk aangekoop het, waarvan die oordragte in sy naam geregistreer is nie, sal sy stemreg waarna in klousule 8 (b) verwys word, verbeur.

6.3.2. Die stemreg van geen lid sal opgehef word mits hy nie ten minste 30 dae voor die vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree daarvan skriftelik deur die Sekretaris in kennis gestel is nie.

6.3.3. Sodanige opheffing van stemreg sal van krag bly totdat hy weer Braunvieh laat registreer, waarna die opheffing van sy stemreg onmiddellik beëindig sal word sonder dat enige kennisgewing te dien effekte aan hom gegee moet word.

6.3.4. Die opheffing van sy stemreg op die hierin vermelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligtinge van lidmaatskap affekteer nie.

7. REGISTER VAN LEDE

7.1 Die Genootskap sal 'n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, hul posadres, bedrae van hul ontvang en die datum van betalings, agterstallige gelde, indien enige, wat verskuldig mag wees, ingeskryf moet word.

7.2 Elke lid moet die Genootskap skriftelik van 'n verandering van sy posadres in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

7.3 Alle stukke wat per aangetekende pos deur die Genootskap aan lede versend is, sal as bindend beskou word.

8. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Die regte en voorregte van elke lid is persoonlik op homself van toepassing en is nie oordraagbaar nie. Regte van lede sal, onderworpe aan die bepalings van Klousule 3, die volgende insluit:

(a) Om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder die lede uitgegee word,
(b) Om alle algemene vergaderings van die Genootskap by te woon en om op sodanige vergaderings te stem,
(c) Om aansoek te doen vir die registrasie van Braunvieh in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet,
(d) Om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende die Braunvieh van die Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde

mag wees, moet deur die aansoeker betaal word,

(e) Om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik,

(f) Om oor al die regte en voorregte en verpligtinge soos in die Grondwet uiteengesit, te beskik.

9. HERAANSLUITING VAN LEDE

Enige persoon wat opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalings van Klousule 3.3 en nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

BESTUUR

10. Verkiesing En Samestelling Van Raad

Die belange van die Genootskap (dubbeldoel) sal beheer en bestuur word deur 'n RAAD wat uit die volgende vyf lede sal bestaan en wat jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word:

(a) 'n Voorsitter

(b) 'n Visevoorsitter;

(c) 'n Sekretaris en

(c) twee verkose lede.

10.1 **Metode van Verkiesing**

Verkiesing sal per geslote stembrief geskied. Sodanige stembrief sal geen nommer en/of handtekening bevat om die identiteit van die kieser te openbaar nie.

10.2. Indien 'n lid van die RAAD te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die Genootskap te wees of sy amp verbeur ingevolge Klousule 10.4, kan die RAAD 'n ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn. Die Komitee sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer, nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

10.3 In die geval waar die amp van die Voorsitter of Visevoorsitter vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die RAAD verkies is, moet die RAAD by sy daaropvolgende vergadering per geslote stembriefies een uit sy geledere nomineer en verkies om die vakature te vul vir die onverstreke tydperk.

10.4. Lede van die RAAD wat van twee agtereenvolgende Raadsvergaderings van die RAAD afwesig was sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp verbeur.

10.5. Benewens die vyf verkose lede van die RAAD sal daar ook die volgende persone wees wat op die RAAD sal dien in 'n adviserende hoedanigheid, maar sonder stemreg.

(a) **Ere- Lewenslange visevoorsitter**

Vir uitsonderlike dienste aan die ras mag persone op aanbeveling van die RAAD by 'n Algemene Jaarvergadering verkies word tot Ere- Lewenslange visevoorsitter, met dien verstande dat sodanige aanbeveling deur ten minste driekwart van die lede op die vergadering goedgekeur word,

(b) **Sekretaris**

Die Sekretaris, wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê indien hy/sy nie 'n Lid van die Genootskap is nie.

10.6 **Uitvoerende Komitee**
Die Uitvoerende Komitee van die RAAD, wat magte sal beklee soos van tyd tot tyd deur die komitee bepaal, sal bestaan uit die Voorsitter, Visevoorsitter en Sekretaris indien hy/sy 'n Lid van die Genootskap is. Alle verrigtinge of besluite van die Uitvoerende Komitee moet op die daaropvolgende Raadsvergadering goedgekeur word.

11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die RAAD het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluit van die Algemene vergaderings soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word. In besonder het die RAAD die mag om

11.1 Die betaling van lenings op enige wyse te sekureur, insluitende die verhipotekering of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit, geld aan enige persoon of maatskappy te leen,

11.2 Vrywaring van waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

11.3 Donasies of skenkings te maak,

11.4. 'n Trust te onderneem en uit te voer.

11.5 Gratifikasie en pensioenskemas en ander aansporingsskemas ten opsigte van sy ampsdraers en werknemers tot stand te bring.

11.6. Onderhewig aan die bepalings van Klousule 5 die ledegelde of verpligtinge van lede van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge voor te skryf soos nodig geag mag word,

11.7 Een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokumente wat op sake van die Genootskap betrekking het, te trek, te aanvaar, te endosseer, aan te gaan of uit te voer,

11.8 Geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak en die vergoeding daaruit verkry op so 'n wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Genootskap gereken mag word,

11.10 Enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie, te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die komitee mag goed vind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek,

11.11. Al die kostes en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal,

11.12 Gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en bevordering van Braunvieh aan te wend,

11.13 Op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen,

11.14 Ooreenkomstig Klousule 5.3 te weier om inspeksie, registrasie- en ander werk vir lede te doen indien hulle rekenings agterstallig is,

11.15 Algemene vergaderings van die Genootskap te belê of na aanleiding van 'n spesiale versoek daartoe, wat volgens die bepalings van die Grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word,

11.16 Na goeddunke, sodanige prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan of te skors, om hulle magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige

voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hul pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word,

11.17 'n Geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of 'n skikking aangaan te opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eis of aanskrywing deur of teen die Genootskap,

11.18 Kontrakte buite Namibië aan te gaan en kontrakte, aktes en dokumente in 'n vreemde land te verkry,

11.19 Aanbevelings te maak ingevolge die Wet met betrekking tot die in- en uitvoer van Braunvieh diere, semen en eiselle,

11.20 Inspekteurs aan te stel om Braunvieh te keur en om enige ander werksaamhede te verrig waarvoor lede die dienste van inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellinge van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle te ontslaan,

11.21 Opdrag te gee aan inspekteurs en/of amptenare van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekords gehou word nie of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van 'n dier of diere en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap geag mag word,

11.22 Die diens van enige persoon of lid van die Genootskap te koöpteer en om subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die Voorsitter en Visevoorsitter van die RAAD is ***ex officio*** lede van alle subkomitees met alle regte en voorregte, addisionele lede mag op die RAAD koöpteer word, maar sulke gekoöpteerde lede sal nie stemreg hê nie,

11.23 Sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van beoordelaars van Braunvieh as wat nodig geag mag word, met dien verstande dat geen persoon as beoordelaar van Braunvieh aangestel sal word alvorens hy nie sal voldoen aan sodanige vereistes as wat deur die RAAD bepaal mag word nie. Verder, om van tyd tot tyd die paneel van beoordelaars in heroorweging te neem en om daaruit sodanige name te verwyder as wat nodig geag mag word,

11.24 'n Sisteem van beoordeling en keuring tenopsigte van inspeksie van Braunvieh in te stel en om reëls, voorwaardes en terme aangaande sodanige inspeksie, en met betrekking tot keuring, te formuleer, met dien verstande dat wanneer die Raad enige sodanige reëls herroep of op enige ander wyse verander het, sodanige reëls by die eersvolgende Algemene Jaarvergadering van die Genootskap vir die inligting van sodanige vergadering voorgelê moet word,

11.25 Verkope van Braunvieh te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel,

11.26 Aan enige lid van die RAAD of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word,

11.27 Een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, 'n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

11.28 Aansoeke om lidmaatskap van die Genootskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys,

11.29 Reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellinge van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef,

11.30 Ooreenkomstig Klousule 6.2 die lidmaatskap van enige persoon van die Genootskap te beëindig;

11.31 Sodanige strawwe en boetes op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede bepaal mag word vir oortreding of skending van die Grondwet,

11.32 Ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee,

11.33 Enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is en van toepassing is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word,

11.34 In die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sake, altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalings van die Wet en die Grondwet nie,

11.35 Die RAAD sal van tyd tot tyd die Standaard van voortreflikheid hersien en aanbevelings aan die Algemene Jaarvergadering maak.

12. VERGADERINGS

12.1 Uitvoerende Komiteevergaderings

Die Uitvoerende Komitee sal wanneer nodig vergader om die pligte wat deur die Raad aan hom opgedra is, uit te voer.

12.1.1 'n Raadslid mag die Voorsitter verlof vra om persoonlik enige sake van belang voor die Uitvoerende Komitee te lê, op voorwaarde dat hy volledig op skrif stel wat die aard van die saak is. Indien die Voorsitter besluit dat die saak van genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so 'n Raadslid die Uitvoerende Komiteevergadering bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe te spreek.

12.1.2 'n Spesiale Raadsvergadering

(a) Mag deur die Voorsitter (of in sy afwesigheid deur die visevoorsitter) belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit of

(b) Sal belê word op grond van 'n aansoek onderteken deur nie minder as twee lede van die RAAD, waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoeke moet aan die Sekretaris gerig word.

12.1.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as 21 dae voor die vergadering sal plaasvind deur die Sekretaris aan elke lid van die RAAD gepos word.

12.2 Algemene Vergaderings

12.2.1 'n Algemene vergadering van die Genootskap, wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering, word een keer in 'n finansiële jaar gehou op so 'n tyd en plek as wat die RAAD mag bepaal.

12.2.2 By so 'n Algemene Jaarvergadering sal die RAAD sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met 'n behoorlike balansstaat en 'n verslag van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het. Sodanige Algemene Jaarvergadering moet gehou word

(a) Nie later nie as 6 maande na die einde van elke finansiële jaar van die Genootskap (31 Desember van elke jaar),

(b) Binne hoogstens 15 maande na die datum van die jongste voorafgaande Algemene Jaarvergadering van die Genootskap.

12.2.3 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Genootskap mag te enigertyd belê word deur

(a) Die Raad of

(b) Die Voorsitter (of in sy afwesigheid die visevoorsitter) en sal in laasgenoemde geval belê word op grond van 'n skriftelike aansoek daartoe, wat aan die Sekretaris gerig is en wat die Genootskap onderteken is. So 'n aansoek moet die doelstellings van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

12.2.4 'n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Sekretaris aan elke lid gepos word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Sekretaris skriftelik daarvan in kennis stel nie minder nie as 40 dae voor die vergadering.

12.2.5 'n Finale kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige algemene vergadering gehou sal word,

tesame met die sakelys vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap gepos word.

12.2.6 Daar sal geen besluit op 'n algemene vergadering geneem word, tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is, verskyn nie, of tensy so 'n vergadering met 'n twee-derde meerderheid van stemme van lede wat teenwoordig is en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem, ongeag die bepaling van Klousule 12.2.3(b).

12.2.7 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur 'n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

12.2.8 Vir die doel om besluite op 'n Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word 'n twee-derde meerderheid op 'n algemene vergadering vereis.

12.3 Voorsitter by Vergaderings

Die Voorsitter beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is, beklee die visevoorsitter die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by 'n vergadering teenwoordig is nie, mag die lede wat teenwoordig is 'n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so 'n manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die Voorsitter uit te voer.

12.4 Neem van Besluite

Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien word, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is en in die geval van 'n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem, benewens sy gewone stem, ook 'n beslissende stem hê.

12.5 Metode van Stemming

Onderworpe aan die bepalings van Klousule 10.1, sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefies verlang, in welke geval stemming per geslote stembriefies sal geskied.

12.6 Ongeldigheid van Besluite

Geen saak wat behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

12.7 Raadsvergaderings

Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word, of soos wat die Voorsitter, of in sy afwesigheid die Visevoorsitter, mag besluit.

13. <u>KWORUMS</u>

13.1 Drie lede wat persoonlik teenwoordig is by enige Uitvoerende Raadsvergadering sal 'n kworum vorm vir sodanige Uitvoerende Raadsvergadering.

13.2 Drie Raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige Komitteevergadering waarna verwys word in die klousule 10 vorm 'n kworum vir so 'n vergadering.

13.3 Vyf lede wat persoonlik teenwoordig is by enige Algemene Vergadering vorm 'n kworum vir so 'n vergadering.

13.4 Indien daar by enige vergadering nie 'n kworum teenwoordig is nie, kan die vergadering verdaag tot 'n tyd (nie minder nie as 14 dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so 'n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel 'n kworum, met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die Voorsitter of Visevoorsitter teenwoordig is, vir 'n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, 'n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysigings) as wat deur die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir 'n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om nadat aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is, te verdaag tot 'n tyd en plek soos hierin bepaal.

14. NOTULES VAN VERGADERINGS

14.1 'n Afskrif van die notules van alle algemene vergaderings sal aan elke lid van die afdeling van die Genootskap voorsien word.

14.2 Die notule van alle vergaderings, geteken deur die Voorsitter of 'n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

15. FINANSIëLE BEPALINGS

15.1. Die Raad sal een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

15.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word per tjek gedoen en die tjeks moet deur die Sekretaris of 'n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken en medeonderteken word deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 11.27,

- Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die Raad sal verhoed om 'n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie.
- Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie 'n bedrag wat deur die Raad bepaal is, oorskry nie, betaal word, op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekenings per tjek getrek word.

15.3 Die Genootskap moet behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd, maar nie minder as een keer per jaar, deur 'n ouditeur wat deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap daartoe aangestel is, geouditeer word en 'n behoorlike geouditeerde balansstaat en verslag van die finansies van die betrokke Afdeling van die Genootskap soos op 31 Desember van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, soos uiteengesit in Klousule 12.2.2, moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap voorgelê word.

15.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

15.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie, op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

15.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Genootskap verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings waarvan die doelstellinge ooreenstem met die van die Genootskap soos deur die meerderheid op 'n Algemene Vergadering van die Genootskap besluit.

15.7 Die finansiële jaar van die Genootskap neem 'n aanvang op 1 Januarie van elke jaar en sluit op 31 Desember van daardie jaar.

16. LIDMAATSKAP VAN NSV EN AFFILIASIES

Die Genootskap sal lidmaatskap van NSV in stand hou op voorwaardes soos deur NSV bepaal (Artikel 18(2)(d)(v) van die Wet). Verder kan die Genootskap ook met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellinge met die van die Genootskap ooreenstem, affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so 'n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige Algemene Vergadering van die genootskap persoonlik teenwoordig is en stem.

17. VERTEENWOORDIGER OP DIE RAAD VAN NSV

Die Voorsitter van die Genootskap sal die verteenwoordiger van die Genootskap wees, met die Visevoorsitter wat ook die NSV Raadsvergadering sal bywoon in 'n waarnemende hoedanigheid, indien sodanige goedkeuring aan hom verleen word deur die President van NSV. Indien die Genootskap kwalifiseer om meer as een verteenwoordiger te hê, sal sodanige verteenwoordiger deur die Raad van die Genootskap verkies word.

18. GRONDWETLIKE WYSIGINGS

Grondwetlike wysigings moet oorweeg word deur 'n Algemene Vergadering.

18.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet, mag slegs aangebring word deur 'n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by die algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig en stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysigings of byvoegings van die Grondwet, asook van die vergadering, skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as 30 dae voor die betrokke vergadering.

18.2 Sodanige byvoeging tot of wysiging van die Grondwet wat goedgekeur is soos in Klousule 18.1 hiervan beskryf, moet binne 30 dae nadat die wysiging aangebring is, aan NSV voorgelê word en dit sal 90 dae nadat dit aldus voorgelê is, in werking tree, met dien verstande dat indien NSV van mening is dat die byvoeging en wysiging onbestaanbaar is met die bepalings van die Wet en die Konstitusie van NSV, sal die Genootskap daarvan in kennis gestel word, wanneer sodanige byvoeging en wysiging van nul en gener waarde sal word.

19. KANTOOR / KANTORE VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op 'n plek wees soos wat die Raad mag bepaal.

20. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande bylaes in Afrikaans opgestel is, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse weergawe as outentiek beskou.

ALGEMENE VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK

1.1 Die Kuddeboek wat bekend sal staan as die ***Braunvieh Kuddeboek.***

1.2 Die kuddeboek sal voorsiening maak vir 'n Hulpstamboek wat uit twee afdelings, A en B, sal bestaan.

1.3 Slegs afstammelinge van Dubbeldoel x Dubbeldoel parings sal in die Kuddeboek registreerbaar wees.

AFDELINGS

1.4 Hulpstamboek Afdeling Van Die Kuddeboek

1.4.1 Die Dubbeldoel Hulpstamboek bestaan uit die volgende twee Afdelings:

(a) Dubbeldoel Hulpstamboek A (Appendix A)

Enige vroulike dier wat uit 'n kudde kom waarvan die teler 'n bevredigende verslag van afstamming aan die Komitee kan verstrek en wat aan die minimum rasstandaarde (Dubbeldoel) voldoen, sal vir registrasie in die Dubbeldoel Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

(b) Dubbeldoel Hulpstamboek B (Appendix B)

Die vroulike afstammelinge van die parings van Dubbeldoel Hulpstamboek A koeie en Volgeregistreerde Dubbeldoel bulle sal vir registrasie in die Dubbeldoel Hulpstamboek B-afdeling in aanmerking kom.

1.5 VOLGEREGISTREERDE AFDELING VAN DIE KUDDEBOEK

1.5.1 **Die volgeregistreerde Dubbeldoel Afdeling van die Kuddeboek**

Die afstammeling van die parings van
(i) Volgeregistreerde Dubbeldoel Braunvieh en
(ii) Dubbeldoel hulpstamboek B koeie en volgeregistreerde Dubbeldoel Braunvieh Bulle,

Sal vir registrasie as Dubbeldoel Braunvieh in die Kuddeboek in aanmerking kom, op voorwaarde dat hulle aan die minimum rasstandaard (Dubbeldoel) en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen.

1.6 Die Genootskap mag met goedkeuring en onder beheer van NSV, die Kuddeboek publiseer waarin die registrasies wat onderhewig aan hierdie verordening uitgevoer is, verskyn.

1.6.1 Dit word van alle lede van die Genootskap verwag om elke uitgawe van die Kuddeboek te koop waarin die rekords van die Braunvieh deur hom vir registrasie aangebied, gepubliseer is.

1.6.2 Soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal, sal die volumes van die Kuddeboek teen 'n bedrag, bereken om die druk- en uitgawekostes te dek, verkoop word.

2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTERS:

2.1 Diere sal nie vir registrasie aanvaar word nie, tensy die teler voor die tyd, deur die Genootskap, by NSV vir sy uitsluitlike gebruik 'n voorvoegsel registreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en geregistreer word, onderskei sal word.

2.2 Aansoek om die registrasie van sodanige voorvoegsel deur NSV word by die Genootskap gedoen en moet vergesel word van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd voorgeskryf mag word.

2.3 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een teler na 'n ander sal nie toegelaat word nie behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in die algemene verordeninge van die Konstitusie van NSV voorsiening gemaak word.

2.4 **Kenmerkletters**

Die kenmerkletters sal deur die Genootskap toegeken word aan telers namate hulle aansoek doen. Telers het egter die reg om kenmerkletters te behou wat aan hulle toegeken is voor die goedkeuring van hierdie Grondwet.

3. IDENTIFIKASIE

3.1 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir registrasie in die Kuddeboek in aanmerking kom, is oortatoeëring.

3.2 Die identifikasie van kalwers wat op 1 Januarie 1987 gebore is, sal bestaan uit

(a) kuddekenmerkletters wat nie meer as VI ER spasies mag beslaan nie en wat deur die Genootskap aan 'n teler toegeken sal word om aan te toon dat die betrokke dier deur hom geteel is,
(b) 'n jaarsyfer wat sal bestaan uit die laaste TWEE syfers van die jaar waarin die dier gebore is, en
(c) 'n volgnommer van elke dier wat nie meer as VIER syfers sal beloop nie, en elke jaar by EEN sal begin.

3.3 Wanneer tatoeëermerke eenmaal aan 'n dier aangebring is, selfs as dit foutief, vaag, defektief of onleesbaar is, mag dit onder geen omstandighede reg gemaak, verbeter, verander of gewysig word nie, tensy die Sekretaris vooraf skriftelik daartoe toestemming gee nie.

3.3 Indien 'n teler met die identifikasie van 'n dier 'n fout begaan, of wanneer die identifikasiemerk vaag of onleesbaar word, moet die eienaar van die dier die Sekretaris skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer getatoeëer word in die teenwoordigheid van 'n inspekteur wat deur die Raad daartoe aangestel is, nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier.

3.5. Daar mag geen byvoeging van enige ander tatoeëermerke van watter aard ook al in die ore of liggaam van 'n dier deur die teler of eienaar daarvan of deur sy agent aangebring word nie. Dit word ten strengste verbied en diere wat sulke merke dra, mag blootgestel word aan diskwalifikasie.

3.6 Geen dier mag verkoop of oorgedra word indien dit nie duidelik geïdentifiseer is nie.

3.7. Die jaarsyfers sal bestaan uit die laaste twee syfers van die betrokke jaar, byvoorbeeld 1987 = 87, 1988 = 88, 1998 = 98, ensovoorts.

4. NAME

4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek nie, tensy dit duidelik gemerk en uitdruklik van 'n naam of nommer, wat die naam verteenwoordig, voorsien is. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, of 'n misleidende naam het, te weier.

4.2 Geen naam, insluitende die voorvoegsel, mag uit meer as vier woorde bestaan nie, en sal dit nie 20 spasies oorskry nie.

4.3 Indien die naam van 'n dier eers aangeteken of geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op so 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

5. KENNISGEWING VAN GEBOORTE EN AANSOEK OM REGISTRASIE

5.1. Die teler van 'n kalf moet die Sekretaris, NSV, van die geboorte van die kalf in kennis stel, ongeag of so 'n kalf lewendig of doodgebore is, raseg of 'n kruising is, of vir registrasie behou word, al dan nie.

5.2 Alle kennisgewing van geboortes moet op die voorgeskrewe geboortekennisgewingvorm geskied, in alle opsigte behoorlik voltooi en deur die teler onderteken en nie later as 60 dae na geboortedatum van die betrokke kalwers aan NSV gestuur word.

5.3 Ongeag Subverordening 5.2 hiervan, kan die Raad 'n kennisgewing van geboorte aanvaar wat die Sekretaris bereik meer as 60 dae na geboorte van die kalf, indien die kennisgewing verder in orde is.

5.4. In die geval van veelvoudige geboortes moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word, ook op die geboortekennisgewingvorm van elke kalf die getal en geslag van die ander kalf of kalwers aandui.

5.5. Elke teler sal 'n voorraad van geboortekennisgewingvorms hou wat in boekvorm gebind en agtereenvolgend genommer is en op aanvraag deur enige teler verkrygbaar is teen 'n prys wat van tyd tot tyd bepaal sal word.

5.6. Wanneer 'n teler kennis van geboorte van 'n kalf gee, moet die afskrif van sodanige vorm so voltooi word dat die inligting wat daarop verskyn in alle opsigte ooreenstem met die gegewens op die oorspronklike vorm of vorms wat ingedien is. Al die afskrifte moet deur die teler in die boek waarin hulle gebind is, bewaar word op so 'n manier dat dit te alle redelike tye beskikbaar is vir insae en kontrolering. Inskrywing in die geboortekennisgewingboek moet agtereenvolgend gedoen word en geen duplikaat mag uitgeskeur of vernietig word nie.

5.7.1. By ontvangs van 'n geldige vereiste kennisgewing van geboorte van 'n lewendige Braunvieh kalf, geregtig op registrasie, wat nie tot niet gemaak word nie, word 'n geboorte-erkenning uitgereik vir die betrokke dier. Sodanige erkenning moet bewaar word vir verdere voorlegging aan

(a) die Sekretaris, wanneer aansoek gedoen word om die oordrag van die dier aan 'n nuwe eienaar, of

(b) die Inspekteur, wanneer die betrokke dier vir keuring aangebied word.

5.7.2 'n Registrasiesertifikaat sal slegs na goedkeuring van die betrokke dier deur NSV uitgereik word.

5.8. Die Raad sal toesien dat daar namens elke teler rekords gehou word van alle geboortes van kalwers (hetsy lewendig of doodgebore) waarvan die teler die Genootskap behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat nodig geag mag word.

5.9. Die geboortekennisgewing sal die volgende verklaring bevat:

- “Ek verklaar dat die afstamming, telingsbesonderhede en identifikasiemerke van die dier/e wat hierin beskryf is, juis is, en dat aan al die vereistes van die Grondwet en die Wet, met betrekking tot geboortekennisgewings, voldoen is.”

6. <u>REëLS EN REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE TOEPASSING VAN KUNSMATIGE INSEMINERING:</u>

6.1 Diere wat wettiglik deur kunsmatige inseminering verwek is, sal vir registrasie in aanmerking kom, op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet ***mutatis mutandis*** voldoen is.

6.2 Geen geboortekennisgewing van diere wat so verwek is, sal met die oog op registrasie deur die Genootskap aanvaar word nie, tensy dit geëndosseer is “deur kunsmatige inseminering verwek.

6.3. Indien verskillende bulle vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde vroulike dier, minder as 28 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek mag word vir registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalings van Verordening 6.1 hiervan, tensy die vaderskap bevestig is deur 'n bloedtiperingtoets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

6.4. Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy telers.

6.5. Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, te registreer, indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die Wet nie ten volle nagekom is nie.

6.6. Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en wat die voorregte van registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die registrasie van kunsmatig verwekte nageslag op voorwaarde dat die semen verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

6.7. Opberging van semen van ongelisensieerde bulle.
Onderhewig aan die bepalings van die Wet mag individuele telers onbeperkte hoeveelhede semen van hul eie bulle vir gebruik op hul eie koeie opvang, bevries en vir onbepaalde tydperk opberg. Die verkoper moet by die verkoop van so 'n bul op die agterkant van die sertrifikaat sertifiseer hoeveel strooitjies saad hy van die bul in sy besit het.

6.8. Die registrasie van nageslag wat verwek is uit bevrore semen van ongelisensieerde bulle:
Onderhewig aan die bepaling van Artikel 7(5) van die Wet, sal die afstammelinge wat deur die gebruik van bevrore semen verwek, word vir registrasie in aanmerking kom, met dien verstande dat

(a) volledige besonderhede van eienaarskap van die betrokke bul aan die Genootskap voorgelê is;
(b) die bloedtiperinglaboratoriumnommer van die bul by NSV ingedien is
(c) daar aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboortekennisgewing of registrasie voldoen is (waar dit van toepassing is).

7. <u>REëLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN EISELOORPLASINGS (E.O.):</u>

7.1 Braunvieh kalwers wat wettiglik deur eiesel oorplasings ontstaan het, (d.i. in ooreenstemming met die Wet) sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat:

(a) Aan die vereistes van die Grondwet <u>mutatis mutandis</u> voldoen is,
(b) Ouerskap van elke kalf voortspruitend uit 'n eisel oorplasing deur bloedtipering bevestig is.
(c) Die volgende dokument binne 120 dae na inovulering ingedien word,
(i) 'n Behoorlike voltooide inovuleringsertifikaat (Skedule 0),
(ii) Die bloedtiperinglaboratoriumnommers van die eisel skenker en die semenskenker
(iii) 'n Sertifikaat deur 'n veearts, eisel oorplaser of in die geval van binnekudde E.O. die eienaar of 'n

persoon voltyds in sy diens, te dien effekte dat die bepalings van die wet nagekom is,

(d) Die geboortekennisgewing moet ingesien word op die voorafgedrukte vorm wat deur NSV uitgereik sal word na ontvangs en aanvaarding van die inovuleringsertifikaat (Skedule 0) en sal vergesel gaan van 'n bloedtiperinglaboratoriumnommer van die betrokke nageslag en 'n sertifikaat te dien effekte dat ouerskap soos aangegee korrek is,

(e) Dat beide die semenskenker en die eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is wie ook die reg sal hê om die aantal nageslag wat ontstaan het van die eiselle van 'n enkele eiselskenker, te beperk vir aanvaarding vir registrasie,

(f) Nageslag wat deur eisel-oorplasings ontstaan het, sal vir registrasie aanvaar word onderworpe daaraan dat die betrokke nageslag geïnspekteer word en voldoen aan die minimum vereistes soos deur die Raad bepaal mag word vir die Kuddeboek.

7.2 Telers wat in sodanige gebiede buite Namibië woon, sal die voorreg van registrasie geniet ooreenkomstig die bepalings van die Wet en mag aansoek doen vir registrasie van nageslag wat deur eisel oorplasings ontstaan het, op voorwaarde

(a) Dat die eiselle verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap en NSV goedgekeur is;

(b) Dat die opvang van eiselle, die hantering daarvan, die inovulering van diere en die hou van verslae op so 'n wyse gesoen word as wat NSV van tyd tot tyd bepaal.

7.3 Die Genootskap behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur eiseloorplantings ontstaan het vir registrasie aan te beveel indien enige van hierdie verordeninge nie ten volle nagekom is nie.

7.4 Nageslag ontstaan uit ingevoerde eiselle

7.4.1 Nageslag wat uit inovulering met ingevoerde eiselle ontstaan het, sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet mutatis mutandis voldoen is.

7.4.2 Die vereistes vir registrasie sal dieselfde wees as die vir ingevoerde Braunvieh.

7.4.3 Sodanige ingevoerde eiselle moet in die land van oorsprong opgevang word deur 'n bevoegde liggaam (goedgekeur deur die afdeling Veeartsenydienste van die departement) van eisel-skenkers wat aan 'n minimum vereistes voldoen soos deur die Genootskap bepaal en goedgekeur is deur NSV vir die invoer van eiselle. Indien bevrug, moet sodanige eiselle bevrug wees met die semen van 'n bul wat eweneens aan die minimum vereistes voldoen, soos bepaal deur die Genootskap, en wat goedgekeur is deur NSV.

8. INGEVOERDE EISELLE

Die inovuleringsertifikaat van nageslag wat deur inovulering met ingevoerde Braunvieh eiselle ontstaan het, moet onderhewig aan die bepalings van Verordening 7, ook vergesel gaan van

(a) 'n Sertifikaat deur 'n erkende bevoegde liggaam in die land van oorsprong uitgereik en waarop aangedui word

(i) Die naam, identifikasie- en registrasienommer van die eiselskenker,

(ii) Die datum en plek van opvangs,

(iii) Die aantal lewensvatbare eiselle opgevang van die betrokke eiselskenker,

(iv) Dat die eiselle opgevang is vir uitvoer na die gebied, en

(v) Die naam en adres van die invoerder.

(b) In die geval van 'n bevrugte eisel, ook 'n sertifikaat, behoorlik geteken deur 'n erkende, bevoegde ligaam in die land van oorsprong en waarop aangedui word

(i) Dat die bevrugting deur kunsmatige inseminering teweeggebring is en

(ii) Die naam, identifikasie- en registrasienommer van die betrokke skenker asook die datum en plek van inseminering.

9. **DRAGTYD**

Die dragtyd wat ten opsigte van Braunvieh erken word, is 290 dae. Die minimum dragtyd is 273 dae en die maksimum 308 dae. Geen dragtyd buite hierdie tydsbestek sal erken word, tensy ouerskap deur bloedtiperingtoets bevestig word.
Die minimum periode tussen geboortedatums van agtereenvolgende kalwers uit een koei sal 280 dae wees.

10. **BLOEDTIPERING**

Ongeag die bepalings van Verordening 3 behou die Raad die reg om te eniger tyd, indien nodig geag word, 'n bloedtiperingtoets van enige dier te vereis met die oog op ouerskapbepaling. Die koste verbonde aan die bloedtiperingtoets sal deur die Genootskap gedra word in gevalle waar die toets verlang word. In gevalle waar enige twyfel ontstaan aan die kant van die teler of eienaar met betrekking tot die ouerskap van 'n dier en ouerskapbepaling deur bloedtipering uitgevoer word, moet die koste deur die persoon gedra word wat om die verlangde bloedtipering aansoek gedoen het.

11. VEREISTES VIR REGISTRASIE

11.1 Inspeksie deur 'n inspekteur wat deur die Genootskap benoem is, sal 'n voorvereiste vir registrasie in al die afdelings van die Hulpstamboek en volgerigestreerde Kuddeboek wees.

11.2 Geen dier sal aanvaar word vir registrasie tensy sy vader ten tye van die dekking van sy moeder ouer as ses maande was en gebloedtipeer is en / of sy moeder ten tye van dekking ouer as nege maande was nie.

12. **ONTHORINGDE OF POENSKOP BRAUNVIEH**

12.1 Die onthoringing van Braunvieh word toegelaat en onthoringde en gehoringde diere sal nie in aparte afdelings van die Kuddeboek registreer word nie.

12.2 In hierdie verordening beteken " poenskop " 'n natuurlike poenskop en sluit dit " los horinkies " in.

12.3 Alle diere wat peonskop of met los horinkies gebore word, sal tydens registrasie die toepaslike letter soos in Verordening 12.4 uiteengesit, toegeken word welke letters onder die naam van die dier gedruk sal word op die registrasiesertifikaat.

12.4 Die toepaslike letters is soos volg

(i) P 'n poenskop dier soos omskryf in Verordening 12.2 en / of 'n dier waarvan een of albei ouers " P " of " PP " is,

(ii) PP 'n Dier wat 'n natuurlike peonskop is en waarvan albei die ouers " P " of " PP " Is.

13. INSPEKSIE EN PLIGTE VAN INSPEKTEURS

13.1 Die Raad sal inspekteurs aanstel om alle geregistreerde diere te inspekteer of te klassifiseer. Indien moontlik sal alle telers wat diere vir inspeksie wil aanbied, ten minste een keer per jaar besoek word.

13.2 Die inspekteur sal die voorgeskrewe stelsel toepas en veral aandag aan die bepalings van die standaard van voorskriftelikheid gee.

13.3 'n Inspekteur sal elke geregistreerde dier keur of klassifiseer nadat die bewys van registrasie aan hom voorgelê is. Hy moet homself vergewis dat die identifikasie, kleur, ouderdom en ander gegewens wat op die sertifikaat voorkom reg aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie of klassifikasie aangebied word. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en aan minimum prestasievereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Enige verskil of teenstrydigheid kan so 'n dier diskwalifiseer en daartoe lei dat die registrasie van 'n dier gekanselleer word.

13.4 Dit is verpligtend dat 'n teler tydens besoek van die inspekteur alle diere wat nog nie gekeur is nie en aan die volgende minimum ouderdom vereistes voldoen, voor die inspekteur bring vir keuring.

(i) Bulle
Minimum ouderdom 12 maande.

(ii) Verse
Minimum ouderdom 12 maande.

13.5 Enige telers wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die inspeksie of klassifikasie appèl aanteken by die Sekretaris. Sodanige appèl moet van 'n deposito van N$50.00 of soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vergesel wees. 'n Appélraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word, sal dan die betrokke dier of diere inspekteer en indien die appél slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appellant sy deposito en is verantwoordelik vir alle koste deur die Appélraad aangegaan.

13.6 Telers sal vroegtydig van die tyd en datum van 'n inspekteur se voorgenome besoek in kennis gestel word.

13.7 Spesiale inspeksies of klassifikasies kan slegs met toestemming van die Raad plaasvind indien die aansoeker die reis- en ander koste van die inspekteur betaal en indien die inspekteur beskikbaar is.

13.8 'n Inspekteur / s mag diere van telers klassifiseer en gradeer teen sodanige tarief as wat die Raad van tyd tot tyd mag vasstel.

13.9 'n Inspekteur/s mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing 'n algemene inspeksie van enige kudde doen.

13.10 'n Inspekteur/s mag nie tydens hul inspeksie of klassifikasies instruksies of kommissie van telers of nielede aanvaar om die koop en verkoop van diere te bewerkstellig nie.

13.11 Geen teler mag optree as inspekteur van sy eie diere nie.

14. REGISTRASIESERTIFIKATE

14.1 Verandering of byvoegings op registrasiesertifikate

Enige wysiging of byvoeging tot die essensiële inligting of besonderhede wat amptelik op enige registrasiesertifikaat voorkom, en wat nie deur die Hoofbestuurder van NSV geparafeer is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat wat betrekking het op die essensiële inligting of besonderhede wat daarin vervat is, sal sodanige sertifikaat ongeldig maak.

14.2 Duplikaat Registrasiesertifikate

(a) 'n Duplikaat van die oorspronklike sertifikaat van 'n dier sal op aansoek deur NSV uitreik word indien daar tot bevrediging van NSV bewys gelewer kan word dat die oorspronklike verlore is, per ongeluk vernietig is, of in die besit van 'n persoon wat verkeerdelik weier om dit aan die persoon wat daarop geregtig is te oorhandig.

(b) Die aansoek om 'n duplikaat sertifikaat moet vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring deur die aansoeker, wat die eienaar van die betrokke dier moet wees. Sodanige aansoek en beëdigde verklaring moet aan die Voorsitter, gerig word.

14.3 Kennisgewing van gebeure wat die kansellering van registrasie- en geboortekennisgewingsertifikate noodsaak

Indien 'n dier wat geregistreer is vrek, gekastreer of gesteriliseer word, nie voor 45 maande ouderdom gekalf het nie of vir slagdoeleindes verkoop word, moet die voorsitter binne 30 dae na sodanige gebeure daarvan in kennis gestel word. Die registrasiesertifikaat van sodanige dier moet terselfdertyd aan die Voorsitter teruggestuur word met die datum van die onderskeie gebeure behoorlik daarop geëndosseer vir kansellering.

14.4 Sertifikaat van Uitgebreide Stamboom

Enige persoon mag by NSV aansoek doen om 'n sertifikaat van 'n uitgebreide stamboom met betrekking tot

'n dier wat geregistreer is.

15 OORDRAGTE

15.1 Vir alle verkope of verwisseling van eienaarskap van diere, moet aansoek vir oordrag aan die koper of nuwe eienaar gedoen word deur die verkoper of oordraer wie die oordraggelde moet betaal.

15.2 Sodanige aansoek om oordrag moet binne 30 dae na die oordragdatum van die betrokke dier aan NSV gepos word of oorhandig word op voorwaarde dat indien die aansoek later as 30 dae maar minder as 90 dae na die oordragdatum aan NSV gepos of oorhandig word of meer as 60 dae maar minder as 90 dae na die datum, die gelde wat met betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, respektiewelik dubbeld en driemaal die voorgeskrewe gelde sal wees.

15.3 'n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum aan NSV gepos of oorhandig word, sal deur die Raad oorweeg word en kan aanvaar word na die betaling van sodanige gelde as wat hul mag bepaal.

15.4 'n Aansoek om die oordrag van 'n dier moet vergesel gaan van die registrasiesertifikaat van die betrokke dier waarop die volle naam en adres van die nuwe eienaar, asook die handtekening van die verkoper of oordraer en die oordragdatum ingevul is in die spasie wat daarvoor op die sertifikaat gelaat is.

15.5 Vir die doel van voorafgaande Subverordening 15.4 word die oordragdatum as die datum waarop die dier die besit van die verkoper of oordraer verlaat, beskou.

15.6 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien
- (a) 'n Dier verkoop, geruil of geskenk is,
- (b) 'n Dier geërf is,
- (c) 'n Vennootskap ontbind is en
- (d) 'n Bul geregistreer is in die naam van twee of meer eienaars en enigeen afstand doen van sy/hul bulaandeel in die bul wat so geregistreer is of om enige rede afstand doen van sy belange in bogenoemde bul.

15.7 Indien die Raad van mening is dat die verkoper of oordraer heeltemal in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige oordrag en in gebreke bly of weier om die oorspronklike registrasiesertifikaat te verskaf en indien die nuwe eienaar bereid is om sodanige geld as wat die Raad mag voorskryf te betaal, mag hul met die toestemming van NSV sodanige stappe doen as wat nodig geag word om te voldoen aan die wense van die koper of nuwe eienaar, op voorwaarde dat in so 'n geval die boetebepalings wat in Subverordening 15.2 en 15.3 hiervan neergelê is, op die nuwe eienaar van toepassing is.

15.8 In gevalle van oordrag tussen eggenotes of van ouer na kind of kind na ouer (insluitende aangetroude en kleinkinders) ongeag die feit of deur verkoop, skenking of erwing geskied, sal slegs die helfte van die voorgeskrewe gelde betaalbaar wees.

16 DEKKING-EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE

16.1 Dekking- / Insemineringsertifikate

16.1.1 Indien dragtige koeie verkoop word, moet die verkoper 'n dekking- / insemineringsertifikaat aan die koper voorsien (afhangende of bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering teweeggebring is). Die dekkingsertifikaat moet die identifikasiemerke en registrasienommers van die betrokke bul en koei verstrek asook die dekkingsdatum.

16.1.2 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die dekkingsertifikaat die tydperk aandui wat die betrokke vroulike dier en genoemde bul saam geloop het en verder dat die betrokke dier nie gedurende daardie tydperk deur enige ander bul gedek kon gewees het nie.

16.2 Gesamentlike besit van Bulle

16.2.1 Wanneer 'n bul oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar op rekord wees by die Genootskap en NSV.

16.2.2 Indien 'n vroulike dier, wat die eiendom van 'n ander teler is as die van die mede-eienaars van die bul, deur

die betrokke bul gedek word, moet die dekkingsertifikaat soos wat ooreenkomstig in Verordening 16.1 vereis word geteken word namens al die mede-eienaars.

16.2.3 Die mede-eienaars en gebruikers van 'n bul is onderworpe aan die bepalings van Artikel 7(5) van die Wet.

17 KANSELLERING VAN REGISTRASIE

17.1 Die Raad mag die Sekretaris versoek om by NSV aansoek te doen om die kansellering van die registrasie van enige dier wat;

(a) Verkeerdelik geregistreer is,
(b) Geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is,
(c) Geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige vereistes waar aan voldoen moet word om te verseker dat die registrasie foutloos geskied,
(d) Ingeval van 'n vers wat op die ouderdom van 45 maande nog nie gekalf het nie, of
(e) In die geval van 'n koei wat binne 'n twee jaar periode nie gekalf het nie.

17.2 Voordat daar so om die kansellering van registrasiesertifikaat aansoek gedoen word, die Voorsitter die eienaar van die dier minstens 30 dae voor die tyd skriftelik, na sy jongste bekende adres, kennis gee van sy voorneme om dit te doen.

18. HERSTEL VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK

Indien die registrasiesertifikaat van 'n dier gekanselleer is, sal sodanige dier slegs op aanbeveling van die Raad in die kuddeboek herstel word op voorwaarde

(a) dat die aansoek om herstelling van die dier deur dieselfde persoon aangevra word wat om die kansellering daarvan aansoek gedoen het.

Desnieteenstaande sal sodanige dier ook herstel word mits die Raad die aansoek ondersteun as gevolg van bewyse aan hulle voorgelê dat die persoon wie oorspronklik vir die kansellering van die dier aansoek gedoen het, geen beswaar teen sodanige herinstelling het nie.

19. UITVOERSERTIFIKATE

Die registrasiesertifikate is die uitvoersertifikate van die Genootskap.

20. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ondanks enige bepalings in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur 'n volmagprokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Sekretaris geliasseer, 'n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings en/of aansoeke om registrasie, oordragsertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokumente met betrekking tot die administrasie van 'n Braunvieh kudde te onderteken. Enige sodanige handtekening deur so 'n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is,

(a) Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, so 'n gevolmagtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die dominering van,
(b) Of stemming vir, enige Raadslid, of
(c) Oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het, of
(d) Om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.